higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

27 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 antwoordblad.

544Q1S2427

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon alle berekenings sodat punte toegeken kan word.
5. Belasting op toegevoegde waarde (BTW) word teen 15% bereken.
6. Rond alle bedrae tot TWEE desimale af.
7. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDGIDS
AFDELING A			
1	Kortvrae	25	20 minute
2	Kortvrae	25	20 minute
AFDELING B			
3	Onderwerp 1	40	41 minute
4	Onderwerp 2	20	33 minute
5	Onderwerp 3	20	33 minute
6	Onderwerp 4	20	33 minute
TOTAAL		**150**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Inligting wat op ’n depositostrokie verskyn	A	uitset-BTW
1.1.2	Die prys van ’n produk voor BTW daarby gevoeg word	B	prys wat BTW insluit
1.1.3	’n Bankrekening met lae rente waaruit geld onttrek kan word sonder om kennis te gee	C	krediteure
1.1.4	Die persoon in ’n besigheid wat rekord hou van al die finansiële transaksies	D	boekhouder
1.1.5	Die boeke waarin rekeningkundige transaksies eerste aangeteken word	E	bedrag wat gedeponeer is
1.1.6	’n Dokument wat die doelwitte en finansiële strategie van ’n sakeonderneming uiteensit	F	debiteure
1.1.7	Verskaffers aan wie ’n besigheid geld skuld vir goedere wat hulle gekoop het	G	inset-BTW
1.1.8	’n Brondokument wat gebruik word om klein kontanttransaksies aan te teken	H	prys wat BTW uitsluit
1.1.9	BTW wat ’n besigheid van kliënte verhaal op goedere wat verkoop word	I	lopende rekening
1.1.10	Individue of besighede wat op krediet by ’n besigheid koop	J	joernale
		K	kleinkasbewys
		L	sakeplan

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Uitset-BTW word betaal op die aankoop van goedere en dienste.

1.2.2 Een van die voordele van elektroniese toerusting is dat dit duur is.

1.2.3 Wanneer ’n persoon kontant in hul lopende rekening deponeer, verdien hulle kommissie-inkomste.

1.2.4 Die finansiële jaar is ’n 13-maand- rekeningkundige tydperk.

1.2.5 ’n Betalingstermyn ('payment term') is die betalingstydperk wat ’n besigheid op sy fakture spesifiseer vir die betaling van rekenings.

1.2.6 Versekering is vir ’n besigheid ’n uitgawe.

1.2.7 Handelsafslag wat ontvang is, verminder die bedrag wat ’n besigheid die verskaffer skuld.

1.2.8 Verpligte registrasie vir BTW word deur die SAID vereis vir besighede met ’n omset van R500 000 of meer per jaar.

1.2.9 Rente wat ontvang word is ’n voorbeeld van ’n bedryfsuitgawe.

1.2.10 ’n Kasregister is ’n masjien wat besighede gebruik om verkope vas te lê en die geld wat ontvang is te stoor.

1.2.11 ’n Rekeningkundige beampte bestuur die bemarkingsafdeling van ’n besigheid.

1.2.12 ’n Winsvoorspelling verwys na ’n finansiële projeksie wat die verwagte wins wat ’n besigheid in ’n toekomstige rekeningkundige tydperk sal maak, beraam.

1.2.13 Breekskade in die besigheid het ’n positiewe invloed op die netto wins.

1.2.14 Belasting het ’n positiewe invloed op die netto wins van die besigheid.

1.2.15 Bruinbrood is ’n voorbeeld van ’n nulkoers-BTW-item.

(15 × 1) (15)
[25]

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 (Kontant wat uit bedryfsaktiwiteite gegenereer word/Bedryfsuitgawes) is een van die afdelings op die kontantvloeistaat.

2.1.2 ’n Besigheid gee 5% afslag op alle kontantverkope. Hul kontantverkope in Mei 2023 het R50 000 beloop. Die kontantafslag wat gegee is, is (R2 500/R2 050).

2.1.3 Volgens SAID-regulasies moet besighede hul rekeningkundige dokumente vir ’n tydperk van (drie/vyf) jaar hou.

2.1.4 Dit is verpligtend vir ’n besigheid met ’n omset van (R1 000 000/ R350 000) om as ’n BTW-ondernemer by die SAID te registreer.

2.1.5 Die (verkooppuntterminaal/sakrekenaar) druk ’n kwitansie vir kliënte wat met ’n debiet- of kredietkaart koop.

2.1.6 ’n (Wins/Verlies) word gemaak wanneer ’n besigheid se inkomste minder as sy uitgawes is.

2.1.7 Die (voorskot-/oortrekking-) stelsel is ’n manier van kleinkasbestuur.

2.1.8 ’n Bank hou rekord van die deposito’s in en betalings uit ’n besigheid se bankrekening en stuur aan die einde van elke maand vir die besigheid ’n (bank-/tjek-) staat.

2.1.9 Die brondokument vir ’n tjekbetaling is ’n (debietnota/tjekteenblad).

2.1.10 ’n (Prysverlaging/Koste) is ’n vermindering in die prys van ’n produk.

2.1.11 (Laste/Eienaarsekwiteit) is die waarde van wat ’n besigheid iemand anders skuld.

2.1.12 (Dividende/Winste) word aan die aandeelhouers van ’n maatskappy betaal.

2.1.13 (Diens-/Handels-) besighede koop en verkoop goedere teen ’n wins.

2.1.14 (Bedryfs-/Aanvangs-) kapitaal is die geld wat ’n besigheid nodig het om vir hul daaglikse uitgawes te betaal.

2.1.15 ’n Boek waarin ’n besigheid al hul kwitansies en betalings aanteken, word die (kasboek/kasontvangstejoernaal) genoem.

(15 × 1) (15)

2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 ’n … is ’n rekeningkundige stelsel waar al die transaksies met die hand aangeteken word.

A Gerekenariseerde stelsel
B Sagtewarestelsel
C Handstelsel
D Rekeningkundige aantekeningstelsel

2.2.2 ’n Verhoging in die koste van verkope kan veroorsaak word deur …

A ’n afname in kliënte.
B ’n vermindering van eenhede wat verkoop is.
C aggressiewe reklame.
D verhoogde pryse deur verskaffers.

2.2.3 Om die BTW-bedrag te bereken op die aankoop van goedere vir R4 000 (BTW ingesluit), sal jy neem R4 000 × …

A 15/115.
B 100/115.
C 100/15.
D 15%.

2.2.4 Die … word by die kosprys van ’n produk gevoeg om die verkoopprys te bepaal.

A afslag
B prysverlaging
C wins
D verlies

2.2.5 ’n Lening wat oor ’n tydperk van 20 jaar betaalbaar is, is ’n …

A bedryfslas.
B langtermynlas ('long-term liability').
C niebedryfsbate ('noncurrent asset').
D bankoortrekking.

2.2.6 … verwys na elektroniese betalings wat ’n besigheid maak.

A Tjekbetalings
B EFO’s
C Kwitansies
D Kredietbetalings

2.2.7 Die bruto wins van ’n besigheid plus hul ander inkomste is gelyk aan …

A omset.
B netto wins.
C bruto wins.
D bruto inkomste.

2.2.8 Netto wins wat nie onder die aandeelhouers verdeel word nie, maar deur die maatskappy teruggehou word, word … genoem.

A teruggehoue inkomste
B dividende
C wins voor belasting
D wins ná belasting

2.2.9 Watter EEN van die volgende is ’n voorbeeld van ’n ongereelde uitgawe?

A Telefoon
B Verlies weens vloedskade
C Huur
D Water en elektrisiteit

2.2.10 … is die verlies van voorraad weens faktore soos winkeldiefstal.

A Dividend
B Krimping
C Voorraadrotasie
D Afslagvoorraad

(10 × 1) (10)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Hier onder is ’n lys van rekenings in ’n balansstaat. Sê watter van die volgende elke rekening is:

- Bedryfsbate
- Niebedryfsbate
- Bedryfslas
- Niebedryfslas

Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1-3.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 3.1.7 Bedryfsbate.

3.1.1 Krediteure
3.1.2 Voertuie
3.1.3 Bankoortrekking
3.1.4 Voorraad
3.1.5 Debiteure
3.1.6 Kleinkas

(6 × 1) (6)

3.2 Aan die begin van die jaar het ’n besigheid ’n lening van R40 000 by JSR Bank gehad. Die rente is 18% per jaar. Geen betalings is deur die jaar op die lening gemaak nie.

3.2.1 Bereken die rente wat die besigheid aan die einde van die jaar moet betaal. (3)

3.2.2 Is die rente wat in VRAAG 3.2.1 bereken is, ’n inkomste of uitgawe vir die besigheid? (1)

3.2.3 Sal die rente in die inkomstestaat of balansstaat van die besigheid aangeteken word? (1)

3.3 ’n Besigheid ontvang aan die einde van elke maand ’n bankstaat van die bank.

3.3.1 Noem enige DRIE besonderhede wat op die bankstaat verskyn.
(3 × 2) (6)

3.3.2 Hoe weet ’n besigheid of die eindsaldo op hul bankstaat gunstig of ongunstig is? (2)

3.3.3 Watter invloed het die bankkoste op die besigheid se bankrekening? (2)

3.4 Dui die brondokument en joernaal aan waarin elk van die volgende transaksies ingeskryf sal word:

3.4.1 Kontant ontvang vir die verkoop van goedere

3.4.2 EFO-betaling (‘EFT payment’) vir houers om die goedere in kleiner hoeveelhede te herverpak

3.4.3 Voorraad op krediet gekoop by die plaaslike verskaffer

3.4.4 Voorraad op krediet aan ’n kliënt verkoop

3.4.5 Die eienaar neem goedere vir persoonlike gebruik

(5 × 2) (10)

3.5 ’n Kontantvloeistaat is ’n belangrike finansiële staat.

Noem die DRIE elemente of afdelings in ’n kontantvloeistaat. (3 × 2) (6)

3.6 Buiten die kontantvloeistaat, noem TWEE ander finansiële state wat ’n besigheid voorberei. (2)

3.7 Gee die formule om die bruto wins te bereken. (1)

[40]

VRAAG 4

4.1 We Fix It het onlangs by hul verskaffer 10 mikrogolwe gekoop teen R2 750 elk. Die besigheid is van plan om ’n marge ('markup') van 40% by die kosprys te voeg.

Bereken die prys wat We Fix It:

4.1.1 Aan hul verskaffer betaal het vir die 10 mikrogolwe (3)

4.1.2 Sy kliënte vir elke mikrogolf sal vra (3)

4.1.3 ’n Kliënt sal vra wat DRIE mikrogolwe wil koop (3)

4.2 We Fix It verkoop ook gebruikte elektriese toestelle. Hulle gee 2% afslag op alle kontantverkope. Hul kontanverkope in Junie 2023 het R25 000 beloop.

Bereken die:

4.2.1 Afslag wat gegee is (3)

4.2.2 Bedrag wat die besigheid sal kry ná die afslag (3)

Kopiereg voorbehou

4.3 We Fix It het goedere vir R10 000 (BTW ingesluit) aan 'n kliënt verkoop. Waar van toepassing, rond jou antwoord tot TWEE desimale af.

4.3.1 Bereken die BTW op die verkoop. (2)

4.3.2 Bereken die verkope (BTW uitgesluit). (2)

4.3.3 Wanneer uitset-BTW groter is as inset-BTW, is BTW betaalbaar aan of terugbetaalbaar deur die SAID? (1)

[20]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die EFO- bewys van betaling vir Newcastle Furniture Wholesalers hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

FBM BANK

Allan Manorstraat 4240
Tongaat
4400

Beste Cosmos

Onderwerp: Kennisgewing van betaling: Cosmos

Neem asseblief kennis dat Newcastle Furniture Wholesalers 'n betaling in jul rekening gemaak het, soos hier onder aangedui.

Betalingskennisgewing

Kennisgewingnommer	61581
Betaaldatum	25 November 2023
Betaling gemaak deur	Newcastle Furniture Wholesalers
Betaling gemaak aan	Cosmos
Na rekening	1518181874
Begunstigde se banknaam	Asba Bank
Tak	632005
Betalingstipe	Gewone betaling
Bedrag	R2 900,00
Beskrywing	Voorraad aangekoop

5.1.1 Het Newcastle Furniture Wholesalers R2 900 per die EFO betaal of ontvang? (1)

5.1.2 Het Cosmos R2 900 per die EFO betaal of ontvang? (1)

5.1.3 Gee Cosmos se bank se naam. (1)

5.1.4 Gee Cosmos se bankrekeningnommer. (1)

5.1.5 Gee Newcastle Furniture Wholesalers se bank se naam. (1)

Kopiereg voorbehou

5.1.6 In watter joernaal sal hierdie transaksie in Newcastle Furniture Wholesalers se boeke ingeskryf word? (1)

5.1.7 Sal hierdie transaksie Cosmos se banksaldo verhoog of verlaag? (1)

5.1.8 Sal die fondse wat in die ontvanger se bankrekening betaal is, dadelik beskikbaar wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

5.2 Mambani Traders gebruik die kleinkasvoorskotstelsel. Die kleinkassaldo op 1 Junie 2023 was R600. Bestudeer Mambani Traders se kleinkasjoernaal hier onder en beantwoord die vrae:

MAMBANI TRADERS SE KLEINKASJOERNAAL – JUNIE 2023

Dok	Datum	Besonderhede	Kleinkas	Skryf-behoeftes	Diverse rekenings	
					Bedrag	Besonderhede
2	10	PNA	200	200		
3	15	Mojos	150		150	Verversings

5.2.1 Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg) en voltooi die kleinkasrekening in Mambani Traders se algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (5)

5.2.2 Noem EEN ander kleinkasstelsel anders as die een wat in VRAAG 5.2.1 gebruik is. (1)

5.2.3 Verduidelik kortliks EEN beheermaatreël wat in plek moet wees wanneer die kleinkas hanteer word. (1 × 2) (2)

5.3 Gee enige DRIE besonderhede wat jy op die depositostrokie sal plaas. (3)
[20]

VRAAG 6

6.1 Mabophe Marketing het aan die einde van hul finansiële jaar, 31 Desember 2023, 'n fisiese voorraadopname gedoen en die volgende ontdek:

Voorraad volgens die handelsvoorraadrekening in die algemene grootboek:
R45 000

Werklike voorraad ter beskikking (ná voorraadopname):
R42 000

6.1.1 Bereken die krimping vir die jaar. (3)

6.1.2 Bereken die krimpingskoers deur die volgende formule te gebruik (rond jou antwoord tot TWEE desimale af):

$$\frac{\text{Krimpingswaarde}}{\text{Werklike voorraad ter beskikking}} \times 100$$

(3)

6.1.3 Noem TWEE beheermaatreëls wat 'n besigheid kan gebruik om voorraadkrimping te verminder. (2 × 2) (4)

6.2 'n Onervare boekhouer van Mabophe Marketing het die inkomstestaat hier onder voorberei. Vul die ontbrekende syfers/inligting in deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Inkomstestaat van Mabophe Marketing vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

Verkope		140 000
Minus: Koste van verkope		44 000
Bruto wins		**6.2.1**
Voeg by: Ander inkomste		8 000
Verhuringsinkomste	8 000	
Bruto inkomste		104 000
Minus: Bedryfsuitgawes		**6.2.2**
Lone	24 000	
Brandstof	4 000	
Telefoon	9 600	
Netto wins voor rente		**6.2.3**
Rentekoste		10 100
6.2.4		**6.2.5**

(10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(3011012)

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER:													
SENTRUMNOMMER:													

5.2 5.2.1

KLEINKASREKENING

Datum	Besonderhede	Vol	Bedrag	Datum	Besonderhede	Vol	Bedrag

Kopiereg voorbehou